# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

Augustus / August 2023



**Hulle lyk lekker moeg na die dag se werk, Nollie Oosthuizen, Chris de Bruin, Awie Esterhuizen, Shaun Smeda, Sevvy de Bruin, Daleen Esterhuizen en Marleen Esterhuizen**





*For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe*

*Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV*

## Ere-Presidente / Honorary Presidents

Mnr. Warren Klopper

Mr. Clive Druce

Mr. Stewart Patterson

Mnr. Wynand Wessels

Ds. Renier Lee

Mnr. Pierre le Roux

Ds. Hennie Hattingh

## Uitvoerende Komitee / Executive Committee

### Nasionale / National President

Chris de Bruin, Posbus 906268, Magalieskruin. 0150 Tel: 012 819 1594, Sel: 082 426 8703

E-pos: tiaandebruin0@gmail.com

### Nasionale Vise- / National Vice-President:

Dirk Scholtz, Posbus 21110, Nelspruit, 1200, Sel: 082 452 4229, E-Pos: dirk@harmonie.co.za

### Nasionale Sekretaris / National Secretary:

Gerhard van Aswegen, Posbus 2792, Krugersdorp, 1740, Sel: 082 921 1747, E-Pos: gjtlofts1@gmail.com

### National Treasurer / Nasionale Tesourier:

Bertie Wessels, Posbus 1085, Bothaville. 9660 Sel: 083 733 4191, E-Pos: bertie_wessels@hotmail.com

### National Ring Master / Nasionale Ringmeester:

Robin Prince, 53 Mangold Street, Newton Park, Gqeberha, 6045 Sel: 082 957 6773 / 082 565 9022,

E-pos: safpa.rings@telkomsa.net

### Nasionale Redakteur / National Editor:

Cora Munnik, 37 Protea St, West Village, Carletonville, 2499 Sel: 076 313 2873, E-Pos: coramunnik@gmail.com

### Nasionale Beoordelaarsbeampte / National Judges Officer:

Christo Munnik, 37 Protea St, West Village, Carletonville, 2449 Sel: 076 391 5800, E-pos: cora.christo@gmail.com

## Streekverteenwoordigers / Region Representatives

**Gauteng:** Shaun Smeda, 6 Shirley Road, Valhalla, Centurion, 0185 Sel: 072 190 0345,
E-pos: Shaunsmeda@intercape.co.za

**Vrystaat:** Chris vd Walt, 1 Stanton Street, Fichardpark, Bloemfontein. 9301 Sel: 082 378 6447,
E-pos: plakkers@wol.co.za

**Wes Kaap:** Pieter Neethling, 21 St Thomas Street. 7322 Sel: 081 397 9960 E-pos: thehaircorporation12@gmail.com

**Noord-Vrystaat:** Piet Odendaal, Posbus 260, Odendaalsrus, 9480 Sel: 082 855 0089,
E-pos: pietodendaal01@gmail.com

**Oostelik Streek:** At van Jaarsveld, Posbus 3568, Middelburg, 1050, Sel: 072 368 1214,
E-Pos: atvanjaarsveld@gmail.com

**Noord Kaap:** Seppie Esterhuisen, Posbus 52, Upington, 8800 Sel: 082 559 1132,
E-Pos: seppie.esterhuisen@gmail.com

**Eastern Province:** Danie Strydom, 1 De La Fontein Street, Young Park, Gqeberha, 6001 Sel: 072 353 9778,
E-Pos: strydomjdw@gmail.com

**South Western Districts:** George Bell, Posbus 3, Zoar, 6656 Sel: 083 483 9969 E-pos bellgeorge@hotmail.com

**Wes-Transvaal:** Awie Esterhuizen, 2 Van Wyk Street, Freemanville, Klerksdorp, Sel: 084 682 0143,
E-Pos: pyp.esterhuizen@gmail.com

**KwaZulu-Natal:** Duane Schwarz, 33 McLean Street, Umkomaas, 4170, Sel: 084 207 1617,
E-Pos: duanes@maverickcleaning.co.za

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

## Indeks / Index

Algemene inligting van die SASV 2
Editors Page / Redakteur se blad 3
Voorwoord - Marleen Esterhuizen 3
Aviomed advertensie 4
Kampioenskapskoue & SA's 2023 - Ds Renier Lee 5
Spesiale versoek vir hulp aan Leanè Munnik 5
SA's 2023 Bloemfontein - Chris vd Walt 6
Skou terugvoering -Modenaklub - Jan Kamfer 7
Notule Beoordelaarsforum - Ds Hennie Hattingh 8
Kort Beoordelaars verslag - Ds Renier Lee 10
Top sewe wenners - Christo Munnik 12
Uil en Strikduifklub - Leendert Snyman Snr 16
Hall of Fame ontvangers - Christo Munnik 19
Scoreboard and Rules 20

## Birthdays /Verjaarsdae

| | | | |
|---|---|---|---|
| **W077** | **-** | **Andries Cilliers** | **04-Sep** |
| **H004** | **-** | **Nak Smit** | **08-Sep** |
| **B069** | **-** | **H Moldenhauer** | **08-Sep** |
| **C026** | **-** | **Sandra Botha** | **10-Sep** |
| **B003** | **-** | **Gideon Putter** | **20-Sep** |
| **W040** | **-** | **Ds Hennie Hattingh** | **21-Sep** |
| **B007** | **-** | **Ruben Kitching** | **23-Sep** |
| **G051** | **-** | **Leendert Snyman** | **26-Sep** |
| **H090** | **-** | **Barny's Lofts** | **27-Sep** |
| **B082** | **-** | **Tommie Laubscher** | **27-Sep** |

## Nuwe lede / New Members

| | |
|---|---|
| Judah Kazingizi B009 | Andre Erasmus B076 |
| Sydney Nothnagel B088 | Charle du Toit D059 |
| Bertram Adams G055 | Stefan Smuts G056 |
| Anton Oosthuisen J037 | Kevin Govender K069 |
| Sahil Ismail N058 | Frikkie de Haas N059 |
| Nico Smit W091 | Dean Venktese N060 |
| Hendrik v Niekerk D058 | |

**Sedert die SA's in Bloemfontein**



***Voorwoord***

***Marleen Esterhuizen***

Met 'n maand wat verloop het na die eerste gesentraliseerde Nasionale Kampioenskappe en die gesprekke en terugvoer vloei nog sterk. Ek glo dis een van die skoue wat almal sal bybly. Ek was redelik by die admin van die kampioenskappe betrokke en dit was net weereens bewys as jou admin en voorsorg gedoen is; loop die skou seepglad. Van die ontwerp van die sertifikate, saal se dekor, inskrywingsvorm regkry en uitkry by die lede – dis al die klein dingetjies wat bydrae tot een reuse sukses. Dit was vir sommige van ons 'n eerste gewees om deel van die skoukomitee van die SA's te wees en ons eindresultaat spreek boekdele. Dit werk uitstekend met die sertifikate as die beoordelaars dit teken voordat hulle begin met hul rasse wat hul beoordeel. Dit maak dat die admin tafel kan byhou met die sertifikate van die raswenners soos wat dit klaar gedoen is en niemand vir mekaar hoef te wag nie. Die stelsel wat ons gevolg het van een persoon doen die setifikate en die ander een doen terselfdetyd die katalogus het puik gewerk.

Waarna gekyk moet word is die manier waarop die paperwerk gedoen word en die is 'n beroep op alle beoordelaars. Maak asb seker dat die steward wat jou help die boonste gedeelte van die beste jaaroud mannetjie & wyfie, beste ou mannetjie & wyfie, beste jong & ou duif en raswenner korrek voltooi. Ook 'n punt waarna ons kan kyk is dat stewards dalk in die toekoms in die gewoonte moet kom om die beoordelaarsvorm so volledig moontlik te voltooi – menende al die plekke wat die duiwe behaal het op die vorms aan te dui en nie net die eerste plekke nie. Dit gaan net die voltooiing van die katalogus soveel makliker maak.

Met al die skoue voorlopig klaar en die broeiseisoen op hande is almal besig om duiwe klaar uitgesorteer en opgepaar te kry. Sterkte aan almal en ons hoop elkeen sal 'n goeie broeseisoen beleef.

Duiwe groete
Marleen

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

## Dear Aviomed Clients





We sincerely appreciate and take pride in Aviomed's involvement and sponsorship at the annual Fancy Pigeon SA Championship Show, hosted by the North of the Vaal and Western Transvaal. We are delighted to share our significant contributions to this remarkable event.

Aviomed, a company committed to supporting the well-being of pigeons and promoting excellence within the avian industry, took great pleasure in sponsoring various items at the SA Championship Show. Our contributions aimed to recognise the participants' dedication and talent while enhancing the overall event experience.

Firstly, Aviomed proudly donated five hampers awarded to the first three senior and two junior participants. These hampers, valued at R4000.00, were carefully curated to provide essential supplies and resources that aid in the care and maintenance of pigeons.

In addition to the hampers, we extended our support to the top performers in both the Senior and Junior classes. The top seven winners in the Senior class and the top three winners in the Junior class received Aviomed products, each valued at R532. This sponsorship, totalling R5,320.00, aimed to assist the winners in further enhancing the health and performance of their cherished pigeons.

Furthermore, we proudly sponsored Mr Phillip Lee, the overall winner of the SA Championship Show, a complete pre-breeding program valued at R8187.00. This comprehensive program will undoubtedly contribute to the success of Mr Lee's breeding efforts.

Aviomed would like to extend a warm congratulations to all the winners, as well as to the organisers for such a successful event. We at Aviomed consider it an honour to be associated with the SA Championship Show. The participants and organisers' passion, skill, and dedication align perfectly with our company's values. Through our sponsorship, we aim to encourage the pursuit of excellence within the pigeon community while promoting the health and well-being of these remarkable birds.









Once again, I extend my deepest gratitude for allowing Aviomed to participate in this prestigious event. We remain committed to supporting initiatives that foster growth, sportsmanship, and innovation within the pigeon industry.

**WE LOOK FORWARD TO FUTURE OPPORTUNITIES FOR COLLABORATION OR SUPPORT**

Kind regards

Dr Ockert Botha



## *Kampioenskap-skoue en SA's 2023*

***Ds Renier Lee***

Van 1969 het ek baie kampioenskap skoue bygewoon waarvan sommige skoue nog steeds by my vassteek as beter skoue. Die afgelope Kampioenskapskou is een van daardie skoue wat jy altyd sal onthou. Ons weet dat sedert die "covid" era en selfs vroeër (2017) skoue afgelas is en dat daar 'n drastiese daling in getalle duiwe vertoon, plaasgevind het. Ek praat onder korreksie maar ek dink dat dit net Upington skou was wat vanjaar meer duiwe vertoon het. Die ander streke veral ons in die OP was vêr onder die gemiddeld. Sommige telers het negatief begin raak en toe kom die SA's.

Nie die grootste SA's ooit nie maar'n SA's waar al die negatiwiteit positief gedraai is. Met geen streek wat die SA's wou aanbied op 'n sentrale punt nie tot by 'n groepie jong manne en vroue wat besluit het dat die SASV reggeruk en positief gedraai word.

Die feit dat dit jong telers is wat nuut gedink het is verblywend. Ek is trots op elkeen van hulle. Die administrasie was skitterend, die saal pragtig en die tema "MIELIES" was duidelik uitgestal. Wat die sukses groter gemaak het was die verblyf waar almal saam teen goedkoop tariewe kon bly. Daar het 'n spontane gees en atmosfeer geheers wat die telers aan mekaar gebind het. So 'n een stop blyplek vir almal het ons nog nooit gehad nie.


Jannie vd Heever en sy kitaar maat het ons op skitterende wyse saamgebind. Dit was egter die kos wat 'n groot wenner was. Die eerste aand se gratis funksie was honderde rande werd en die volgende aand se potjiekos het die meeste telers (82) en hul metgeselle twee keer laat opskep. Die prysuitdelings (92) funksie was die kersie op die koek. Ek het nog nooit nege junior telers by die middel tafel gesien nie. Uit hulle kom nog die toekomstige Uitvoerende komitee van die SASV.

Dit was 'n belewenis om te sien hoe hulle hande



***Nege Junior telers by die 2023 SA's VLNR Mari Wessels, Lily Downey,Jandro Downey, PB Marais, Jaco Marais, Karel-Jan Smeda, Cullem Lee, Lihan Geldenhuys en Leendert Snyman***

---



***Hulp word gevra vir een van ons lede, Harry Munnik, alreeds 36 jaar lid van die SASV, se dogter. Leanè Munnik is serebraal gestrem en benodig spesiale toerusting en behandeling om haar lewe makliker te maak en dit kos ongelukkig baie geld en die medies betaal nie altyd vir alles nie. As enige iemand dalk kan help deur 'n eenmalige bedrag of dalk deur 'n maandelikse bydrae, sal dit baie waardeer word. Die geld kan direk in haar bankrekening inbetaal word.***

***Leané Munnik***

***Capitec account 1859637416***

***Branch code 470010***

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

geklap het as 'n mede junior se naam aangekondig was wat 'n prys moes ontvang. Dit was weer 'n skou wat ons almal gemotiveer het om te beplan vir die broeiseisoen. Nogmaals my opregte dank aan 'n jongspan besielende telers wat met genoeg borg geld en Nasionale veiling geld vir ons almal weer laat terugdink het aan skoue van die vorige eeu. Hoop julle span sal weer bereid wees om vlogende jaar julle goeie werk voort te sit en weer so 'n skou te reël.  Dankie ook vir Elmarie, hoofbestuurder van Bloemskou, wat vir ons gehelp het en ook die media gereël het.  Jy is 'n ster.



***SA`s 2023***

***Chris vd Walt***

Ek het net tydens hierdie SA`s weer eens besef met wat ons hier te doen het. Die mense wat sê dit is 'n sport of 'n stokperdjie is almal verkeerd. Dis 'n leef wyse. En die ander mense wat saam met jou op skoue is, is einlik familie van jou.

Jy hou nie altyd van al jou familie nie.

Dis die lekkerste gevoel om te sien hoe iemand wat hard werk dit geniet. En as dit nog 'n mens is wat nie altyd met sy gevoelens op sy mou loop nie nog soveel te meer.  Ek praat van Gerhard van Aswegen. Ek het ook soos baie ander doen oor die hokke gehang en die beoordeling van die Brunners bekyk. Eerstens was die beoordelaar rustig en kalm. Hy het ook 'n paar jong manne gehad wat gehelp het en hy moes nog daar raad gee en oplei ook.

En toe tref dit my soos n klip. Die man geniet dit wat hy doen. Hy smile en hy praat met die duiwe. Nie die normale koupe koupe klanke nie. Dis ounooi en seun en manne en dogters en sulke woorde wat gebruik word. Die duiwe word bitter mooi met gesag hanteer. Op 'n stadium wou ek komentaar lewer maar ek het maar my woorde in gesluk, want Gerhard het gedoen en gesmile. Hy het met die vertoners gepraat en geskerts en vir ons in spanning gelos.

Mense die belangrike hieruit is.

Geniet dit wat jy doen.

Besef dis jou familie se pragstukke wat jy mee werk.

Toets jy ook en beoordeel ook sodat ons ander ook kan staan en kyk hoe ons prag stukke beoordeel word.

Ek weet nou nog nie wat was die grootste voorreg nie. Om die gelukkige beoordelaar wat lekker kry as hy werk te kon sien of om net die voorreg te hê om die eerste keer in baie lang tyd te kan sien hoe my eie pragstukke beoordeel word. Ek vra mooi toets en beoordeel asseblief. Dit maak ons ander beoordelaars se lewe ook makliker.




***Die twee streek presidente wat saamgewerk het om die SA's 2023 so 'n groot sukses te maak Links Awie Esterhuizen van Wes-Transvaal en Regs Shaun Smeda van Noord-van-die-Vaal. Natuurlik ook saam met 'n baie begeesterde groep lede van beide Streke.***

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/  Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



## Skou terugvoering. Modena klub

**Jan Kamfer**
**President**
**Modenaklub**

Die Suid Afrikaanse Modena Klub

Hallo aan al die SASV lede.

Namens die Modenaklub wil ons die reëlings komitee wat die pas afgelope Suid-Afrikaanse Kampioenskappe aangebied het baie geluk wens met ‘n puik skou. Dit was ‘n fees in baie opsigte.

‘n Saal vol sierduiwe is mos altyd ‘n mooi gesig veral as die kwaliteit hoog is en die kompitiesie straf is. Die welstand van alle duiwe was heel tyd hoog geag en dit het wel ‘n groot kalmte en rustigheid gebied vir elk lid wat duiwe op skou vertoon het. Ou vriende kon weer saam gesels en lag en nuwe vriedskappe is gebou en dit alles terwyl die duiwe die heel tyd eerste gestel is.

Alhoewel daar nie ‘n vermorsing van spasie kon plaas vind nie was die saal baie toeganklik en gemaklik uiteen gesit en baie mooi versier. Ons almal weet dat beskikbaarheid van skou hokkies die groot hekkie was om te oorkom... Die skou reëlings komitee het vas getrap en oor die hekkie gevlieg, met innoverende denke en praktiese reëlings het ons duiwe gepronk in hoender skou hokkies. Spasie en hokkies is nou ter sprake... en dit is hier waar die Modena klub lede die enigste klein stukkie opbouende kritiek kan lewer. ‘n Modena duif wil mekaar graag kan sien in ‘n skou hokkie (dit is hoe ons hulle afrig vir ‘n skou), sy buurman aan weerskante van hom motiveer hom om in ‘n lekker skou bui te kom en daar te bly. Die effense dowwe weerkaatsing van die duif self in die blink plaat wat weerskante van hom was het die Modenas en veral die ouer manne begin kwaad maak wat in ‘n vreeslike geveg met homself ontaard het.

Die Modenas was ook van die enigste rasse waar van die skou hokke in ‘n dubbel laag gepak was... as gevolg van die hokkies wat met plaat toe was aan drie kante en nog ‘n hok boop ook was dit baie donker in die onderste skou hokkies. Hier het die duiwe weer amper heel dag gesit en slaap. En sodra die duif uit die donker hok gehaal word om beoordeel te word is die duif eers verward en wil ook nie mooi skou nie. Hierdie is wel die enigste kritiek wat gelewer kan word en ons hoop werklik



Plakkerskamp Boerdery
Stantonstraat 1, Fichardpark, Bloemfontein.
Selfoon: 082 378 6447
Epos: plakkers@wol.co.za
August 2023
Teler van: Brunner Pouters in Wit, Blou, Bruin & Swart
Teler van die Reserwe Kampioen duif tydens
2022 SA Kampioenskapskou
Teel ook: Norwich Kroppers in Rooi, Mealy & verwante kleure

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

dat dit as opbouend gesien word want dit is regtig al wat dit is en klaar. Die Modena klub bedank die reëlings komitee dat die Modena beoordelings hokke tot op oog hoogte gepak was. Dit maak die beoordeling van Modenas soveel makliker en vinniger.

Die ras wenners was 'n mooi gesig om te aanskou. Werklik baie goeie rasverteenwoordigende duiwe het in die tou gestaan vir 'n plek in die top 7. Die Modenas het hulle plekke met trots vol gestaan in die tou. Soos ook in vele top 7 plasings op meeste van die streekskoue wat deur die jaar gehou was... Alhowel dit nie vir ons beskore was om in die top 7 van die SA Kampioenskappe te wees nie, wens ons met opregte harte elke duif en sy vertoner geluk wat op die troon van die kampioenskappe gestaan het.

Die etes, funksies en vergaderings wat gepaard gaan met so groot jaarlikse byeenkoms was puik beplan en net so puik uitgevoer. Die moeite en tyd wat hierin gegaan het moet deur geen SASV lid onderskat word nie. Die feit dat die kampioenskappe met een dag verkort is het 'n baie groot bydrae gelewer tot die sukses. Elke liewe Modena klub lid en ek glo ook elke ander SASV lid wat die skou bygewoon het as gaste het die gasvryheid van die reëlingskomitee hoog op prys gestel en ons is 'n groot dankie aan hulle verskuldig.

Ons stel dus voor dat dieselfde reëlings kommitee weer volgende jaar se kampioenskappe reël. Die rede hiervoor is die groot sukses van die jaar se byeenkoms en dan ook omdat die "proefbuis" van 'n jaarliks sentrale kampioenskapskou steeds baie versigtig hanteer moet word. As hierdie "proefbuis" in so 'n vroeë stadium tussen te veel hande verwissel, staan die baba 'n groot kans om nie te oorleef nie.

**Puik duiwe...Puik mense...**
**Vir die liefde en versorging van die duif!!**

Modena groete.



## *Notule van Beoordelaarsforum vergadering soos gehou op 01 Julie 2023 om 08.00 te Bloemfontein skougronde.*

***Ds Hennie Hattingh***
***Sekretaris***
***Beoordelaarsforum***

**1. Opening en Verwelkoming**

Ds Hennie Hattingh open die vergadering met gebed en die voorsitter, Christo Munnik, heet almal teenwoordig hartlik welkom.

**2. Presensie en Verskonings**

Die presensielys sirkuleer vir ondertekening. Verskonings word aangebied vir Hansie en Kitty Botes, Ds Renier Lee, Willie van Zyl, Harry Munnik, Pierre le Roux, Etienne Oosthuizen, Rob Lombaard, Jas van Niekerk en Wikus van Niekerk.

**3. Notule van vorige vergadering soos gehou op 7 Julie 2022 te Malmesbury**

Die sekretaris hou die notule voor en word goedgekeur.
Voorstel: Cora Munnik.
Sekondant: Chris van der Walt.

**4. Sake uit die Notule**

**4.1 Toetsing van voornemende beoordelaars op streekskoue en duiwedae.**

Toetsing word nie op duiwedae gedoen nie, maar wel op streekskoue en jongduifskoue. Die algemene gevoel is dat dit 'n goeie reëling is.

**5. Verslae vanaf Streke**

Streke kry nou geleentheid om kortliks verslag te lewer oor skoue deur hulle aangebied.

**Noord-van-die-Vaal:**

Geen streekskou aangesien die streek die SA's aanbied.

**Wes-Transvaal:**

Het 'n Jongduifskou (Squiker-skou) asook 'n streekskou aangebied. Dit het goed gegaan met

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

toename in getal duiwe vertoon teenoor die vorige-jaar. Die enigste probleem was die beskikbaarheid van beoordelaars.

**OostelikeStreek:**

Dit het goed gegaan met enigste probleem die beskikbaarheid van beoordelaars.

**Noord-Vrystaat:**

Die streekskou het baie goed afgeloop met ook genoeg beoordelaars. ‘n Jongduifskou word beplan vir 9 September 2023 te Kroonstad.

**Vrystaat:**

Min inskrywings was hul probleem. Chris van der Walt is van mening dat die sentrale SA’s die inskrywings by Vrystaat se streekskou knou.

**Noord-Kaap:**

Noord-Kaap het ‘n goeie skou gehad met ‘n bevredigende getal beoordelaars. Dit is hul voorneme om in 2024 die Modena-Spesklubskou saam met hul streekskou te laat plaasvind.

**Wes-Kaap:**

‘n Jongduifskou sowel as ‘n streekskou is gehou. ‘n Probleem word ervaar dat wanneer min duiwe-geskou word dit ‘n negatiewe finansiële impak op die streek het. Pieter Neethling verlang ‘n aanduiding van wat inskrywingsfooie, admin-fooie sowel as skou-oprigtingsfooie sou kon wees. (Wordbespreekonder punt 9.3 van agenda).

**Oostelike Provinsie:**

Geen verslag is vanaf OP in terme van hierdie vergadering ontvang nie.

**Suid Westelike Distrikte.**

Ook van SWD is geen verslag in terme van hierdie veragdering ontvang nie. Die opmerking word wel gemaak dat dit goed gegaan het met SWD se streekskou.

**KwaZulu-Natal.**

Die skou is gekanselleer om rede daarte min inskrywings was.

**6. Sake vanaf UK**

Geen nuwe sake nie.

**7. Sake vanaf Senior Beoordelaars**

Geen nuwe sake nie. Reeds aangespreek by Algemene Jaar Vergadering.

**8. Sake vanaf Algemene Jaar Vergadering**

Geen.

**9. Nuwe Sake**

**9.1 Beoordelaarslys: Aktiewe vs Onaktiewe Beoordelaars.**

Die sekretaris skets die situasie dat omrede daar reeds vir baie lank geen duiwe in ‘n groot aantal rasse geskou word nie, dit kan lei tot die werklikheid dat beoordelaars onaktief in daardie rasse is. Antwoorde word gesoek op die vraag wanneer ‘n beoordelaar as onaktief in ‘n sekere ras beskou kan word en watter weg ‘n beoordelaar wat lank uit die duiwe boerdery was en nie beoordeel het nie nou weer as aktief geklassifiseer kan word. Bertie Wessels noem die teen pool dat dit nie ‘n beoordelaar se skuld is as daar nie in sekere rasse duiwe is om te beoordeel nie.

**Besluit:**

UK word gevra om hierdie aangeleentheid in bespreking te neem.

**9.2 Aanwys van beoordelaars:**

By streekskoue reël die Streeks beoordelaarsbeampte die beoordelaars – by SA’s nomineer die spesklubs (waar van toepassing) die beoordelaar asook sekundus met finale plasing van beoordelaars deur die Nasionale Beoordelaarsbeampte.

**Besluit:**

Die vergadering neem kennis dat bogenoemde die roete is wat gevolg moet word.

**9.3 Finansies**

Die saak wat Pieter Neethling onder die verslag van Wes-Kaap genoem het word nou bespreek. Die volgende “riglyne” word aanvaar:

**Inskrywingsfooi:** R20,00 per duif.

**Administrasiefooi:** Streke besluit self na behoefte.

**Oprigtingsfooie:** Verskil na gelang van elke streek se eie behoeftes.

**9.4 S.A-Rasse( Bertie Wessels )**

Bertie Wessels noem dat dit gaaf sal wees indien voornemende beoordelaars by toetsing sal aanmeld om getoets te word in die eg Suid-Afrikaans-geteelde rasse, naamlik die SA BotternekTumbler, African Toy en Magnum.

**10. Verkiesing van Bestuur**

10.1 Voorsitter – Nasionale Beoordelaars-

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

beampte – termyn verstryk 2025.

10.2 Vise-Voorsitter – Chris van der Walt – termyn verstryk 2026.

10.3 Sekretaris – Ds Hennie Hattingh – termyn verstryk 2024.

11. Afsluiting

Die vergadering verdaag.



## *Kort Beoordelaars verslag*

***Ds Renier Lee***

Ek was gevra om 'n paar rasse te beoordeel tydens die pas afgelope SA's. Groot was my teleurstelling toe die Waaiersterte, altyd een van die sterkste rasse op die SA's, slegs deur drie duiwe verteenwoordig was. Ek dink dit is 'n skande dat 'n eens skitterende ras met top telers deur duiwe politiek regeer word. Dit hoort nie in ons geliefde stokperdjie waar ons almal een groot familie is nie.

Ek het na die skou met my vriend Schalk Strauss in gesprek getree en dit was vir my vreemd dat hy glad nie deur senior telers verwittig is dat elke spesialiteit klub se hoofskou by die jaarlikse SA Kampioenskappe moet wees nie. Dis 'n besluit wat reeds in die vroeg tagtigerjare geneem is toe verskeie spesialiteit klubs aparte kampioenskappe gereël het veral tydens spesiale duiwedae soos die ds Malan gedenkskou.

Behalwe dat dit oneties is om Moederliggaam besluite te ignoreer verbeur hierdie telers so baie reklame vir hulle ras, veral soos vanjaar by die SA's duidelik gewees het, waar verskeie koerant artikels oor die hele land versprei is. Ontevrede lede kan seker apart wil skou maar ons moenie tevrede telers verhinder om by die SA's duiwe te vertoon nie. Hiermee wil ek nie sê dat dit wel gebeur nie maar dis die indruk wat ek gekry het nadat ek en Schalk gepraat het.

Ek wil 'n beroep op Nico vd Westhuizen en my ander Waaierstert vriende doen om hul griewe, sou hulle hê, met my te bespreek. Ek onderneem om dit met die UK op te neem of met betrokke persone maar ons kan nie ons telers, wat reeds deur ander omstandighede verminder het, met duiwe politiek "verhinder" om saam met ons groot duiwe familie by die SA's te kuier nie.

Ek plaas juis "verhinder" omdat ek geensins beweer dat telers fisies verhinder word nie maar deur ons duiwe politiek kan ons onnodig ook groot skade aanrig. Kom ons praat met mekaar en nie van mekaar nie. Moet ook nie dat ons verskille in geskille ontaard nie. Ek vertrou egter ons Waaiertelers sal hierdie saak oplos want ek ken ook hulle gesindheid.

Die drie waaiers was deur een teler vertoon en hy het dus ook die beste Waaier vertoon Die ras wat die meeste inskrywings ontvang het, wat ek moes beoordeel, was die Holle Kroppers. My aanvanklike

Cora Munnik
Nasionale Redakteur



Teel met Portugueses Tumblers
e-mail: coramunnik@gmail.com
Sel: 076 313 2873

Oktober 2022



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

teleurstelling het hier verander in groot blydskap, want watter jaar in die verlede, was daar 92 Holle Kroppers ingeskryf? Die standaard was baie hoog en uitstekende duiwe was vertoon. Verskillende kleurklasse was baie goed verteenwoordig en selfs gemerkte klasse was goed verteenwoordig. Sommige duiwe was baie goed afgerig en dit maak die taak altyd makliker by Blaasduiwe. Sommige dink ek was self te veel afgerig en wou meer met my gesels as om hulle sterk punte te vertoon.

Enkele duiwe was effens te groot en alhoewel van hulle klaswenners was kon ek hulle nie plaas onder die raswenners nie. Wat verblywend was, was die feit dat onder die 130 duiwe wat ek moes beoordeel, slegs een duif was met een veerluis op elke vlerk. Dit het nog nooit met my gebeur op enige skou nie. Elke vertoner wil ek gelukwens met die beste voorbereide duiwe wat ek in al my jare nog beoordeel het. Beide die junior en senior wenners was ook later die dag in die top 7 geplaas. Voorwaar 'n groot prestasie en die telers van al die Holle Kroppers is op die regte pad met hul teling om nog groot pryse op skoue te verower. Ek salueer elkeen van jule en sal graag weer so 'n groep duiwe wil beoordeel.

Die ander rasse wat ek beoordeel het was ook goeie verteenwoordigers van hul ras, alhoewel die Syrian Dewlaps nog kan verbeter, maar ek weet ook dat met min getalle en min telers word dit 'n groot en moeilike taak. Laastens wil ek die hoofbeoordelaar bedank vir sy finale beoordeling. Telers en ander beoordelaars was gelukkig met Christo Munnik se beoordeling alhoewel Christo my meegedeel het dat 'n mede beoordelaar hom aangeval het oor onder aandere die feit dat ek en my seun Phillip se duiwe saam in die top 7 was.

Ek wil net dit vir jou se Christo, Jy het duiwe beoordeel en nie telers nie. Jy maak my trots om deel te wees van beoordelaars wat steeds eerlik hul beoordeling uitvoer al is ons net mense wat steeds foute kan maak. Laat my dink aan die Apostel Paulus wat aan die Romeine sê **" Moenie van julle self meer dink as wat julle is nie"**

Groete








# *George Nell*




*Teel met Syrian Dewlaps*
*en gaan poog om met hulle te vlieg*
*en ook met Birmingham Rollers*
*e-mail: georgenell42@gmail.com*
*Sel: 083 536 6917*

**Oktober 2022**




We bpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229





***Links onvang Phillip Lee sy pryse vanaf Chris de Bruin, Nasionale President en Christo Munnik, Hoofbeoordelaar vir die Kampioen duif op skou, die Mookee heel links, tydens die SA Kampioenskappe 2023 in Bloemfontein.***





***Seppie Esterhuysen, President van Noord Kaap ontvang hier die pryse vir die Reserwe Kampioen duif op skou 2023 te Bloemfontein namens Rudie Viviers vir die Gros Mondain heel links vanaf Chris de Bruin, Nasionale President en Christo Munnik Hoofbeoordelaar***





***Ds Renier Lee ontvang hier sy pryse vir 2de Reserwe Kampioen duif op skou, die Norwich Cropper heel links, vanaf Chris de Bruin, Nasionale President en Christo Munnik Hoofbeoordelaar Tydens die SA Kampioenskappe 2023 in Bloemfontein.***





***Hier ontvang Jannis Esterhuizen van Round Belly Farms sy pryse vir 3de Reserwe duif op skou vir die Holle Cropper heel links vanaf Chris de Bruin Nasionale President en Christo Munnik Hoofbeoordelaar tydens die SA Kampioenskapskou 2023 in Bloemfontein***

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538





***Hein Hoffman ontvang hier sy pryse vir die Vierde Reserwe duif op skou, die King heel links, van Chris de Bruin Nasionale President en Christo Munnik Hoofbeoordelaar tydens die Nasionale Kampioenskapskou in Bloemfontein***





***Andries Cilliers ontvang hier sy pryse vir die Vyfde Reserwe duif op skou, die Chinese Owl heel links, van Chris de Bruin Nasionale President en Christo Munnik Hoofbeoordelaar tydens die Nasionale Kampioenskapskou in Bloemfontein***





***Shaun Smeda President van Noord-van-die-Vaal streek ontvang hier die pryse namens Nicolette Sobreira vir die Sede Reserwe duif op skou, die Satinette heel links, van Chris de Bruin Nasionale President en Christo Munnik Hoofbeoordelaar tydens die Nasionale Kampioenskapskou 2023 te Bloemfontein***


## Birmingham & SA Distance Roller Vertoners Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Attie van Aswegen
e-mail: attievanaswegen@gmail.com
Sel: 082 411 8483




Augustus 2023

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229





*Links ontvang Jaco Marais sy pryse vir die Kampioen duif op skou, die King heel links, van Chris de Bruin Nasionale President en Christo Munnik Hoofbeoordelaar tydens die SA kampioenskapskou 2023 in Bloemfontein*





*Hier ontvang Karel-Jan Smeda sy pryse vir die Reserwe Kampioen duif op skou, die Birmingham Roller heel links, van Chris de Bruin Nasionale President en Christo Munnik Hoofbeoordelaar tydens die SA Kampioenskapskou 2023 in Bloemfontein*





*Links ontvang Jaco Marais sy pryse vir die 2de Reserwe Kampioen duif op skou, die German Beauty Homer heel links, van Chris de Bruin Nasionale President en Christo Munnik Hoofbeoordelaar tydens die SA Kampioenskapskou 2023 in Bloemfontein*





*Hier ontvang Lily Downey haar pryse vir die 3de Reserwe Kampioen duif op skou, die Holle Cropper heel links, van Chris de Bruin Nasionale President en Christo Munnik Hoofbeoordelaar tydens die SA Kampioenskapskou 2023 in Bloemfontein*

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229









***Links ontvang Lihan Geldenhuys sy pryse vir die 4de Reserwe Kampioen duif op skou, die Working Homer heel links, van Chris de Bruin Nasionale President en Christo Munnik Hoofbeoordelaar tydens die SA Kampioenskapskou 2023 in Bloemfontein***



***Hier links ontvang Leendert Snyman Junior sy pryse vir die 5de Reserwe Kampioen duif op skou, die Modeneser heel links, van Chris de Bruin Nasionale President en Christo Munnik Hoofbeoordelaar tydens die SA Kampioenskapskou 2023 in Bloemfontein***



***Hier ontvang Mari Wessels haar pryse vir die 6de Reserwe Kampioen duif op skou, die Gros Mondain heel links, van Chris de Bruin Nasionale President en Christo Munnik Hoofbeoordelaar tydens die SA Kampioenskapskou 2023 in Bloemfontein***


Christo Munnik
Nasionale Beoordelaarsbeampte



Teel met Roller duiwe vanaf 1963
en met Birmingham Rollers vanaf 1980
Teel nou ook weer met Barbs
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Oktober 2022



***Die Uil en Strikduifklub Leendert Snyman***

**Wie is ons en wat is ons:**

Met die Suid-Afrikaanse Sierduif Vereniging se Uitvoerende Komitee vergadering in Februarie 2023 is daar besluit dat alle onaktiewe Spesialiteitsklubs met ander Spesialiteitsklubs moet saam smelt of moet ontbind. Daar is `n versoek gerig om `n klub te stig vir al die strikduif rasse en Shaun Smeda (Oriental Frill teler) is aangewys om dit verder op te neem. `n Uitnodiging om die belangstelling te toets om die klub se bestaans moontlikheid te toets is gedoen deur middel van `n WhattsApp groep. Heelwat telers het by die groep aangesluit en is daar `n bestuur gekies om met die stigting van die Spesialiteits Klub te begin. Nominasies is ingedien en resultate as volg: Pesident - Shaun Smeda, Vise President - Chris de Bruin, Sekretaris - Leendert Snyman.

Verskeie opsies is oorweeg vir die naam van die klub en watter rasse ingesluit moet word. Met inag neming dat die Old German Owl Club en Chinese Owl Club moet ontbind as gevolg van lae getalle lede en onaktiwiteit, is daar besluit om die Sjinese Uile by die Strikduifklub in te sluit en het ons as groep besluit op Uil en Strikduifklub. Met die bestuur in plek en `n naam vooraan die Klub het die President die aansoek ingedien en die klub se stigting is aanvaar. Klub is gestig in Maart 2023 en die Uil en Strikduifklub se bannier het reeds op die eerste skou vir 2023 te Upington teen die muur gehang.

Die Uil en Strikduifklub val onder die handves enreëls van die Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging. Lede geld beloop R100 per Senior en R20 per junior. Juniors betaal R20 sodat daar noukeurig rekord gehou kan word van lede. Ledegeld word by Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging inbetaal met noukeurige verwysing. Die Uil en Strikduifklub spog tans met 15 Senior en 1 Junior opbetaalde lede.

Nou wonder julle seker watter rasse is betrokke? Kom ons begin met die eienskap of definisie van `n strikduif. Volgens die standard boek: “Frill or Curl: A genetic mutation, these feathers have the shaft with a single or double curl”. Frill volgens woordeboek: “an unnecessary extra feature or embellishment”. In kort is dit `n veer wat `n krulletjie maak of verkeerdom groei en uitstaan en`n versteuring veroorsaak aan die gladde groei van vere, hoe meer vere hoe beter. Sommige rasse staan die vere net na die eenkant maar dit kan ook na beide kante wees. `n “Frill” kom ook net voor op die nek of bors en vandaar die naam strikduif. Let daarop dat Kartelrug duiwe ook klassifiseer as `n “Curl” van vere op die vlerkskild. Rasse wat tans deel is van die Uil en Strikduifklub is: Oriental Frill (Blondinette en Satinette), African Owl, Italian Owl, Old german Owl en Chinese Owl.
As ons kyk na die totale duiwe vertoon oor al die


**Uil & StrikduifKlub**

***Spesialiteitsklub vir:***

***Afrika Uile, Chinese Uile, Italiaanse Uile, Ou Duitse Meeu en Oriental Frill (Blondinette en Satinette)***

**President : Shaun Smeda - 072 190 0345**
**Sekretaris: Leendert Snyman - 083 286 8496**
**leendert270@gmail.com**


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publica- tions/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

streekskoue vir 2023, het die Uil en Strikduifklub se rasse as volg presteer:

| Ras | Getal duiwe vertoon | Algehele plek ten opsigte van getalle |
|---|---|---|
| Chinese Owl | 490 | 1 |
| Old German Owl | 152 | 10 |
| Italian Owl | 108 | 13 |
| Satinette | 70 | 21 |
| African Owl | 53 | 28 |
| Blondinette | 45 | 32 |

Ons doen `n beroep op al die Chinese Uil en Strikduif telers om asseblief by die klub aan te sluit sodat ons hierdie klub kan laat groei en van krag tot krag kan meeding. Kontak ook enige van die bestuurslede vir navrae of aansluitings vorm.

**SpesialiteitsKlubSkou 2023**

Met groot opgewondenheid oor die nuwe Uil en-Strikduifklub het ons besluit om ons eerste Spesialiteitsklubskou te hou tydens die Suid-Afrikaanse Sierduif Vereniging se Kampioenskapskou 2023 te Bloemfontein. Trofeë is geskenk (met dank) deur Jannie van den Heever vir die Groot Kampioen Uil en Strikduif, Kampioen Senior, 1ste Reserwe Senior, Kampioen Junior en 1ste Reserwe Junior.Wikus van Niekerk het ook trofeë geskenk wat ons dan vorentoe sal gebruik vir ons raswenners.

Ons het ook die Old German Owl Club se Kampioen duif trofee oorgeneem, dit is vir ons belangrik om hierdie trofee se geskiedenis voort te sit en aan die Old German Owl Kampioen op elke Suid-Afrikaanse Kampioenskapskou van die Suid-Afrikaanse Sierduif Vereniging te oorhandig. Al die raswenners en kampioen duiwe het elk `n sertifikaat ontvang. Die groot Kampioen Uil en Strikduif het ook `n Springbok karkas as bonus gekry. Inskrywings en uitslae vir hierdie Spesialiteitsklub skou was as volg:

**Seniors**

**Ras:** Oriental Frill (Blondinette) **Getal:** 12
**Beoordelaar:** Bertie Wessels
**Raswenner:** Nicolette Sobreira

**Ras:** Oriental Frill (Satinette) **Getal:** 17
**Beoordelaar:** Bertie Wessels
**Raswenner:** Nicolette Sobreira

**Ras:** African Owl **Getal:** 16
**Beoordelaar:** Shaun Smeda
**Raswenner:** Leendert Snyman Snr

**Ras:** Italian Owl **Getal:** 27
**Beoordelaar:** Bertie Wessels
**Raswenner:** Leendert Snyman Senior

**Ras:** Old German Owl **Getal:** 32
**Beoordelaar:** Awie Esterhuizen
**Raswenner:** Nico Bester

**Ras:** Chinese Owl **Getal:** 32
**Beoordelaar:** Pieter Neethling
**Raswenner:** Dries Cilliers

**Juniors**

**Ras:** Old German Owl **Getal:** 32
**Beoordelaar:** Awie Esterhuizen
**Raswenner:** Lihan Geldenhuys

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

*Suid-Afrikaanse Homer Klub*



*President: Christo Munnik*
*e-mail: cora.christo@gmail.com*
*Sel: 076 391 5800*

*Sekretaris: Attie van Aswegen*
*e-mail: attievanaswegen@gmail.com*
*Sel: 082 411 8483*

Augustus 2023



Die Hoofbeoordelaar van die Suid-Afrikaanse Sierduif Vereniging se Kampioenskapskou, Christo Munnik is gevra om uit hierdie raswenners die Kampioen duiwe aan te wys. Die Senior Kampioen en Junior Kampioen is teen mekaar opgeweeg om die Groot Kampioen aan te wys en net so is die Senior Old German Owl en Junior Old German Owl teen mekaar opgeweeg om die Beste Ou Duitse Meeu op skou aan te wys wat dan die Ou Duitse-Meeu trofee ontvang het. Resultate was as volg:

**Groot Kampioen -** Chinese Owl
**Vertoner -** Dries Cilliers

**Kampioen Senior** - Chinese Owl
**Vertoner -** Dries Cilliers



**1ste Reserwe Senior -** Oriental Frill (Satinette)
**Vertoner -** Nicolette Sobreira

**2de Reserwe Senior -** Italian Owl
**Vertoner -** Leendert Snyman

**3de Reserwe Senior -** African Owl
**Vertoner -** Leendert Snyman

**4de Reserwe Senior -** Oriental Frill (Blondinette)
**Vertoner -** Nicolette Sobreira



**5de Reserwe Senior -** Old German Owl
**Vertoner -** Nico Bester

**Kampioen Junior -** Old German Owl
**Vertoner -** Lihan Geldenhuys





**Kampioen Old German Owl**
**Vertoner -** Nico Bester



Harry Munnik



Teel met Birmingham Rollers
Oriental Frill - Blondinette
Oriental Frill - Satinette
African Owl
Holle Croppers
Dutch Highflyer


Sel: 072 600 6919 - e-mail: munnikharry5@gmail.com
Oktober 2022


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Ons is baiedankbaar vir `n baie suksesvolle en produktiewe eerste Spesialiteitsklubskou, daar is nog baie ruimte vir verbetering en ons groei soos ons aangaan. Graag bedank ons al die Uil en Strikduifklub lede wat ons ondersteun het tydens die Spesialiteitsklubskou en glo ons dat ons saam hier die Klub `n sukses sal maak.

Uil en Strikduifgroete
Leendert Snyman



***Bo Tafel versiering tydens die onthaal***

***Onder ontvang Bertie Wessels en Chris de Bruin hulle Hall of Fame Toekennings van Ds Hennie Hattingh***



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R850 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

1. **Book of Standards R250 each**
2. **SAFPA ties (Navy blue) R120 each**
3. **SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each**
4. **SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**
5. **SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**
6. **Metal Member & Judges scrolls R50 each**
7. **National pocket badges (Green) R70 each**
8. **National Honour scrolls (Green) R30 each**
9. **National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

## Score board

**Bank OFS Shield**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | North-of-the-Vaal: | 1198 |

**Manie Fourie Trophy**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Western Transvaal: | 849 |
| 2. | Northern Cape: | 150 |
| 3. | Northern Freestate: | 0 |
| 4. | Eastern Region: | 0 |
| 5. | Western Cape: | 0 |
| 6. | Freestate | 0 |
| 7. | Eastern Province: | 0 |
| 8. | SW Districts: | 0 |
| 9. | KwaZulu-Natal: | 0 |

**Om te weet hoe die punte vir die twee trofees toegeken word lees punte 1 tot 8 van die reëls boaan die kolom. /To know how the points are allocated for the two trophies read the rules from 1 to 8 in the column above.**

**Bertie Wessels Trophy**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Noord-van-die-Vaal | 0 |
| 2. | Vrystaat | 0 |
| 3. | Noord Vrystaat | 0 |

**Die Bertie Wessels Trofee se punte gaan oor punt 9/ The points for the Bertie Wessels Trophy is according to point 9**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873